



Dr. Cobus Wessels
ORTHOPAEDIC SURGEON
FOOT & ANKLE SPECIALIST

Ons verwelkom u by ons praktyk en vertrou dat ons u van hulp kan wees.

Om 'n besige praktyk vlot te laat verloop, moet u asb kennis neem van 'n paar reëlins voordat u besluit om van ons dienste gebruik te maak.

Die praktyk is gefokus op die diagnose en behandeling van mediese probleme. Elke pasiënt se probleem kry dus onverdeelde aandag en daarom die volgende reëlins:

1. Dr Wessels kan geen telefoniese konsultasies of inkomende telefoon oproepe behartig nie. Respekteer asseblief die tyd van die pasiënt in die spreekkamer (of teater).
2. Slegs een pasiënt per afspraak kan hanteer word. Die duur van 'n konsultasie is 'n maksimum van 30 minute. Indien u langer sou neem beïnvloed dit almal na u negatief.
3. Verslae aan derde partye soos werkgewers en versekeraars is NIE 'n prioriteit NIE! Weens die lang wagtye vir afsprake word daar nie tyd gereserveer spesifiek vir mediese verslae nie. Verslae en vorms word slegs hanteer as u 'n gewone afspraak spesifiek vir hierdie doel gemaak het. Wagtyd hiervoor is ongeveer 3 maande en die koste is gelykstaande aan die fooi vir 'n eerste afspraak (kontant).
4. Dit is belangrik dat pasiënte vooraf verseker dat u genoeg siekverlof/hersteltyd beskikbaar het. Ons **mag nie terugwerkende motiverings** skryf vir beplande operasies nie. Stel liever sjirurgie uit as om in konflik met u werkgewer te wees. Dr Wessels hanteer slegs mediese probleme en raak nie betrokke by administratiewe kwessies nie.
5. Wondsorg word deur die Praktyk Verpleegkundige gedoen. Wondsorg is in meeste gevalle ingesluit by koste van sjirurgie (vir die eerste 4 weke). Die koste van die materiaal wat gebruik word, word nie altyd deur u Fonds gedek nie. U mag dus self hiervoor aanspreeklik wees.
6. Hierdie Praktyk is uitgekontrakteer by meeste Mediese Fondse. Bybetalings mag dus nodig wees. 'n kwotasie met volledige besonderhede hiervan, sal vooraf aan u gestuur word. Kortings op vroeë bybetalings word gegee.

Ek het kennis geneem van bogenoemde en aanvaar hierdie reëlins:

Naam (Blokletters)

Handtekening

Datum

Dr. Cobus Wessels

MBChB(Pret) MMed Orth (Pret) | Practice Number: 0209627

Telephone: 012 881 4123
Address: Suite 321 Zuid Afrikaans Hospital
293 Bourke Street | Muckleneuk | Pretoria | 0002
Email: admin@orthozah.co.za
Website: www.ankledoc.co.za